DIT IS VOLBRING

Week 8 - Betree die rus
16 September 2018 - TDO

TABERNA DEI

En Jesus het by al die stede en dorpe rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die Evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees. En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie. - **Matt 9:35-36 (AFR53)**

Rus is seker een van die kosbaarste kommoditeite van ons dag

1. Mense het 'n behoefte aan rus en die Here is tenvolle daarvan bewus

Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.
- **Ps 23:2 (AFR53)**

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig. - **Matt 11:28-30 (AFR53)**

"Are you tired? Worn out? Burned out on religion? Come to me. Get away with me and you'll recover your life. I'll show you how to take a real rest. Walk with me and work with me—watch how I do it. Learn the unforced rhythms of grace. I won't lay anything heavy or ill-fitting on you. Keep company with me and you'll learn to live freely and lightly." - **Matt 11:28-30 (MSG)**

2. Jesus daag ons uit om 3 dinge te doen om Sy rus te beleef:

i. Ek moet bid

Moenie oor dinge sit en tob of jou bekommer nie. Gaan praat met God daaroor. Bespreek dit met Hom. Vertel Hom hoe jy daaroor voel. Sê dan vir Hom dankie dat jy met Hom daaroor kan praat en dat Hy die beste weet. Jy sal dan verlig en tevrede voel. Jy sal hierdie verligte gevoel nie altyd kan verklaar of wetenskaplik kan uitlê nie. Omdat jy egter weet dat jy aan Jesus behoort, sal jy nie meer omgekrap voel nie. Hierdie wete dat Jesus by jou is, sal keer dat die bekommernisse weer met jou emosies weghardloop of dat jy jou weer van voor af begin bekommer. - **Fil 4:6-7 (DB)**

Don't fret or worry. Instead of worrying, pray. Let petitions and praises shape your worries into prayers, letting God know your concerns. Before you know it, a sense of God's wholeness, everything coming together for good, will come and settle you down. It's wonderful what happens when Christ displaces worry at the center of your life.
- **Phil 4:6-7 (MSG)**

ii. Ek moet God glo

Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in Sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie. Want aan ons is die Evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie. Want ons wat geglo het, gaan die rus in... - **Heb 4:1-3a (AFR53)**

En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek. - **Heb 11:6 (AFR53)**

iii. Ek moet God se Woord gehoorsaam

En die Here het met Moses gespreek en gesê: Stuur vir jou manne uit, dat hulle die land Kanaän wat Ek aan die kinders van Israel sal gee, kan verken. Van elke vaderlike stam moet julle een man stuur, elkeen 'n owerste onder hulle. - **Num 13:1-2 (AFR53)**

Lees Num 13:27-33

Ongehoorsaamheid verhinder my om in God se beplande rus vir my in te gaan:

- Rus vir my gees
- Rus vir my siel en my emosies
- Rus vir my verhouding
- Rus vir my finansies